

9

DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK

Ons en die Roomse Kerk

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet wat die daadwerklike verskille tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse kerke is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers moet weet –

- dat daar groot verskille tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse kerke is.
- watter groot verskille daar is.
- dat die verskille gegaan het oor hoe ons die verlossing uit genade moet verstaan.

Gesindheid

Die kinders en ouers moet lojaal wees aan hulle eie Kerk deur –

- die Bybel te lees as enigste bron vir ware geloofskennis; en
- te glo dat ons deur genade alleen en nie deur werke nie, gered word.

Vaardigheid

Die kinders en ouers gaan besoek die Rooms-Katolieke Kerk om eerstehands te getuig van die verskille.

MEER INLIGTING

Die kinders neem slegs waar en skryf neer wat in die Rooms-Katolieke Kerk gebeur.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Om met die predikant te reël om aanstaande week teenwoordig te wees met die bespreking na die les, en om hom op te skerp oor die verskille tussen ons Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk.

KOM ONS BEGIN

Een van die katkisante open met gebed. (Die betrokke katkisant word die vorige week reeds versoek om met die volgende geleentheid die opening waar te neem.)

HET HULLE ONTHOU?

- Laat drie kinders vir die klas en hulle ouers vertel wat hulle in hulle boeke neergeskryf het oor *Luther, Calvyn* en *Zwingli* se lewens.
- Gee leiding en vind uit watter dienste elke kind saam met die diakonie of 'n diensgroep op 'n deurlopende basis gaan lewer in die gemeente.
- Laat 'n paar kinders Psalm 46: 2 opsê: *God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Hierdie is 'n goeie geleentheid vir die groep om 'n besoek te bring aan 'n Rooms-Katolieke Kerk, indien daar een naby is. As alternatief kan na 'n DVD oor die Roomse Kerk gekyk word. Die internet kan ook ingespan word.

Tref reëlings met die priester van die plaaslike Roomse Kerk, en verkry goedkeuring vir die besoek van die katkisante en hulle ouers.

Die katkisante moet vooraf voorberei word sodat hulle –

- die Kerk waar besoek afgelê word en hulle gebruike sal respekteer; en
- besef dat hulle nie nodig het om deel te neem aan die volle liturgie van die betrokke erediens nie.

Laat die kinders 'n skryfding saamneem en neerskryf watter dinge hulle opval, wat anders is as wat in ons Kerk gebeur (*dinge soos die beelde, die altaar wat voor in die middel staan, die preekstoel wat voor aan die kant staan, die klere wat die priester dra, en ander*).

Waak daarteen dat onnodige kritiek uitgespreek word, en fokus op feitelike inligting. Besef dat die katkisante in hierdie lewensfase baie krities ingestel is en ook nie sal skroom om hulle mening te lug nie. Hierdie is 'n uitstekende manier om vir hulle te leer hoe om met respek van ander te verskil.

'n Bespreking word aanstaande week gevoer waar die katkisanse geleentheid kry om hulle ervarings te deel, te sê wat hulle opgeval het, en vrae te vra oor die verskille. Vir die doeleindes van die bespreking moet die dominee of 'n ander kenner van die Rooms-Katolieke Kerk teenwoordig wees, anders dien die besoek geen doel nie.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders met hulle ouers gesels oor die verskille tussen ons Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk.
- Laat hulle die verskille neerskryf by die volgende les.
- Laat hulle 'n bespreking met hulle ouers voer oor wat hulle dink die betekenis van elke verskil is.

LEER

Die katkisanse leer die Twaalf Artikels uit hulle koppe. (Die betrokke Kerk wat besoek word, se belydenis word daarmee vergelyk, indien hulle wel 'n belydenis het.)

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Vir die kategeet

- Die ouers word uitgenooi om volgende week se bespreking te kom bywoon as hulle wil.
- Vra die predikant om volgende week die klas te kom bywoon om oor die verskille tussen ons Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk te praat.